cessarily accept the underlying legitimacy of Christian faith as a determinant in its own right. But even investigators who choose to follow different disciplinary paths into the killing fields of early modern European Christianity have Gregory to thank for pointing them in its direction.

Dr. Frederick Hale.

University of Stellenbosch.

Johan Cilliers

## DIE GENADE VAN GEHOORSAAMHEID. HOE EVANGELIES IS DIE ETIESE PREKE WAT ONS IN SUID-AFRIKA HOOR?

Wellington: Lux Verbi BM. 2000

Die derde werk in Johan Cilliers se "Prediking"-trilogie *Die genade van gehoorsaamheid* is 'n uiters tydige werk. Soos die subtitel *Hoe evangelies is die etiese preke wat ons in Suid-Afrika hoor?* aandui, handel dit oor etiese prediking in Suid-Afrika. Cilliers se hoofmotief met die skryf van die boek voer hy terug na Luther se uitspraak: "Die Woord van God kom om ons te verander." Vanuit die evangelie kan die kerk die verwording van die samelewing teëwerk. Vir Cilliers behoort etiese prediking wesentlik tot die prediking van die evangelie. As die prediking van die etiek agteruitgaan, gaan die prediking van die evangelie agteruit. In die ewekansige steekproef wat Cilliers uit 'n aantal radiopreke en -meditasies gedoen het, blyk dit dat etiese aangeleenthede dikwels net aan die oppervlak van preke voorkom. Daarby swyg 'n groot persentasie van die preke en meditasies oor enige etiese aangeleentheid.

Nadat Cilliers in 'n inleidende hoofstuk die motivering vir die skryf van die boek gegee het, behandel hy in hoofstuk 2 verlossingsprediking. Die prediking van die verlossing is 'n woord oor God en 'n woord van God. Dit is nie net inligting oor verlossing nie, maar eerder 'n gebeure van die verlossing self.

Hoofstuk 3 handel oor die prediking van die sonde. Die realiteit van die sonde mag op geen manier in die prediking gesystap of verswak word nie. Dit is alleen moontlik deur die korrekte prediking van die wet in sy sonde-ontblotende funksie. Die prediking van die wet is nodig om die evangelie konkreet en verstaanbaar te maak in terme van die mens se sondige toe-

stand. Sondeprediking mag egter nie net gerig wees op die individuele mens nie. Daar moet ook gefokus word op die persoon se verhouding tot die magte van die tyd en die strukture van die Suid-Afrikaanse samelewing en op die manifestasies van die sonde in al hierdie samehange.

In die vierde hoofstuk word dankbaarheidsprediking bespreek. Dankbaarheidsprediking bied altyd voorstelle waarvolgens reeds veranderde mense kan lewe. Cilliers se navorsing het getoon dat daar geen gebrek aan preke met 'n imperatiewe aard is nie, maar dat hulle meestal 'n wettiese inslag dra. Dit is omdat predikers hulle teologiese visie op die Bybelteks, en daarmee ook die teologiese visie op die werklikheid verloor het. Heiligmaking bly 'n werking van God se genade in ons lewens en handel om die heiliging van die hele lewe. Die gebod vir hierdie uur, is volgens Cilliers, uit die mond van die Here self te hoor: *Gaan maak jy ook so*.

In die slothoofstuk word gevra na waar etiese prediking begin en eindig. Etiese prediking begin by die teks én die etiese situasie. Sommige preke sal niks anders as 'n indikatief wees sonder om noodwendig gelyk te wees aan die verkondiging van goedkoop genade. Ander preke sal sterk imperatiwies wees sonder om noodwendig wetties te wees. Om eties te preek, moet die prediker self eg wees, met ander woorde self geloofwaardig wees.

In 'n bylae word 'n uitleg van die Tien Gebooie aangebied. Dit is nie 'n volledige dogmatiese of etiese uiteensetting van die Tien Gebooie nie, maar bevat tien preke wat oorspronklik onder die titel *Voorskrif vir vryheid* gepubliseer is.

Cilliers beklemtoon dat God die inisiatief in al sy handelinge met ons behou. Hy skenk aan ons die genade om gehoorsaam te kan wees. In reguit taal wys Cilliers nie net wettisisme uit nie, maar gee hy ook die korrektief. Hierdie werk van Cilliers sal hopelik vir talle predikers help om in 'n tyd waarin wettisisme hoogty vier en die genade goedkoop gemaak word, die evangelie suiwer te bedien.

Dr. M. D. Terblanche.